

VERTOONKLASSE

Doel met die opstel van die Vertoonklas protokol

Om 'n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat die Vertoonklasse behels en wat die reëls ten opsigte van die klasse is.

(A) Algemene reëls

- Die basiese reëls en etiket van skouklasse geld ook vir vertonings
- Vertonings is een van die belangrikste vertoonvensters van die Friesras, dis is daarom baie belangrik dat Vertonings altyd professioneel en georden aangebied moet word.
- Die toerusting, kleredrag, tooisels en algemene logistiek van vertonings lê hoofsaaklik by die vertoners self en die skoukomitee.
- Alhoewel vertonings oop is vir almal moet daar tot altyd gepoog word om slegs afgerigte perde, hanteerders, ruiters en drywers te gebruik.
- Vertonings moet altyd as iets besonder en spesiaals aangebied word.